

2 Desember

Skrifgedeelte: Matteus 24:36-44
Fokusgedeelte: Matteus 24:43-44

Jou vreemdste afspraak

"Die Seun van die mens kom op 'n uur dat julle dit nie verwag nie." Die vreemdste hiervan is dat Hy, die Seun van die mens, dit sêlf vir ons sê! "Verwag My juis wanneer julle My nie verwag nie."

Skryf maar hierdie afspraak van Christus gedurende die komende Adventstyd op. Skryf dit met rooi letters in jou dagboek vir hierdie Kersfeesmaand. As jy dink dis nodig, skryf dit met lipstiffie oor jou kamerspieël. Skryf dit oor elke komende dag van jou lewe: "My afspraak met die komende Seun van die mens is miskien vir vandag, miskien vir vannag – maar in elk geval juis nie in die tydsgleuf wat ek vir Hom in my besige program wil inruim nie. Hy gaan my soos 'n dief verras."

Bly waaksaam ... gedurig! Miskien wil ons nog waaksaam wees om te luister na die voetstappe van die komende Christus in gróót dinge: oorloë, terroriste-aanvalle, dinge wat die wêreld ruk? ... Maar wanneer daardie voetstappe sag, verskriklik gedemp, byna onhoorbaar naderkom – soos 'n dief s'n wat op sy tone nadersluip, wat dan ...? Dis wanneer die lewe gewoonweg voortgaan met eet en drink en troues, soos in Noag se tyd ... en: Is dit nie juis dán wanneer Christus kom, soos Hy met ons afgespreek het nie – onverwags?

Sing: Skrifberyming 15-7:5

Dr. PP Kruger (Meyerspark)